Remgro
Beperk

2007

# BELEGGINGSFILOSOFIE

Remgro belê in ondernemings wat voortreflike verdienste en dividendgroei oor die lang termyn kan voorsien. Dit behels die verkryging van betekenisvolle belange in maatskappye wat goeie bestuur het en wat oor die vermoë beskik om sterk kontantopbrengste en groei voort te bring. Remgro gaan strategiese verbintenisse op 'n vennootskapsgrondslag aan en beywer hom om, waar moontlik, waarde toe te voeg. Die doel is om uitmuntende opbrengste in die vorm van dividendvloei en kapitaalgroei vir aandeelhouers te verseker.

# GROEPPROFIEL

Remgro Beperk is 'n beleggingshouermaatskappy wat in sy huidige vorm op 1 April 2000 tot stand gekom het na die herstrukturering van die voormalige Rembrandt Groep Beperk. Die belange van die groep bestaan uit beleggings in onder andere tabakprodukte, bankwese en finansiële dienste, drukwerk en verpakking, motorkomponente, mediese dienste, mynwese, petroleumprodukte, voedsel, wyn en spiritualieë en verskeie ander handelsmerkprodukte.

Die maatskappy is hoofsaaklik toegespits op beleggingsbestuur en die verskaffing van strategiese insette eerder as op die dag-tot-dag-bestuur van besigheidseenhede van die maatskappye waarin belê is.

Filiale wat nie ten volle besit word nie, is meesal genoteerde maatskappye met onafhanklike direksies, waar hierdie maatskappy op nie-uitvoerende vlak verteenwoordig word. Beleggings in nie-filiale sluit genoteerde en ongenoteerde maatskappye in wat nie deur hierdie maatskappy beheer word nie en meesal as geassosieerde maatskappye beskou word op grond van beduidende invloed en direksieverteenwoordiging.